

GODSDIENSBELEID

1. DOELSTELLINGS

- 1.2 Te midde van die tyd waarin ons staan, waarin ons kinders aan sedeloosheid blootgestel word, is dit van kardinale belang dat die leerders van hierdie skool waardes en norme sal aanleer.
- 1.3 Alhoewel hierdie skool nie as 'n godsdienstige instansie beskou word nie, word daar wel tyd ingeruim vir godsdiensoonderrig binne die kurrikulum vir die aanleer van hierdie waardes en norme.
- 1.4 Net so kry hierdie godsdienstige karakter, sy beslag by geleenthede waar personeel, leerders en ouers tydens spesifieke geleenthede bymekaar kom.
- 1.5 Die meerderheid ouers van die gemeenskap bepaal die godsdienstige karakter van die skool.
- 1.6 Alle ander geloofsoortuiginge binne skoolgemeenskap word erken en eerbieding. Enige leerder kan derhalwe aansoek doen om die uitsluiting van godsdiensoonderrig en byeenkomste.
- 1.7 Geen dogmatiese reëls mag verkondig word nie en geen beïnvloeding t.o.v. 'n bepaalde kerkgroep mag plaasvind nie.

2. GODSDIENSONDERRIG

- 2.1 Daar word binne die kurrikulum voorsiening gemaak vir godsdiensoonderrig, nl. tydens Lewensvaardigheids- en Lewensoriënteringsperiodes.
- 2.2 Dit is van kardinale belang dat daar gedurende hierdie periodes 'n gewyde atmosfeer heers
- 2.3 Leerders wat, om gewetensredes van hierdie periodes uitgesluit wil word, moet vooraf, skriftelik by die Beheerliggaam aansoek om vrystelling doen.
- 2.4 Daar moet voortdurend daarna gestreef word om 'n gewyde atmosfeer tydens hierdie periodes te skep.

3. SAALBYEENKOMSTE

- 3.1 Daar word saalbyeenkomste tydens die volgende geleenthede gehou :
 - a. Aan die begin van elke siklus, d.w.s. dag 1.
 - b. Aan die begin en einde van elke skoolkwartaal.
 - c. Spesiale geleenthede volgens behoefte.
- 3.2 Die hoof en personeellede wat die behoefte het, kry beurt om met skriflesing, gebed en 'n kort boodskappie te open, waarna daar aankondigings en gelukwensings plaasvind. Gewyde liedere word as deel van die opening gesing.
- 3.3 Ter bevordering van die nasionale karakter, word die saalbyeenkomste gekenmerk deur 'n vlagplantingseremonie en die sing van die nasionale volkslied.

3.4 Van tyd tot tyd word plaaslike geestelike leiers, wat die godsdienstige karakter van die skool verteenwoordig, genooi om die saalbyeenkomste by te woon.

3.5 Enige ouer is welkom om enige saalbyeenkoms by te woon.

4. GEWYDE SANG

4.1 Daar word een periode per siklus aan gewyde sang afgestaan.

4.2 Gewyde sang vorm enersyds deel van godsdiensoonderrig en andersyds vorm dit deel van die kurrikulum.

- a. As deel van godsdiensoonderrig, word die periode gewy aan die aanleer en sing van geestelike liedere met 'n bepaalde boodskap.
- b. As deel van die kurrikulum, word die periode aangewend vir die onderrig van musiek as onderafdeling van kuns en kultuur.

4.3 Soos in die geval van godsdiensoonderrigperiodes, moet daar voortdurend gepoog word om 'n gewyde atmosfeer tydens gewyde sangperiodes te skep.

4.4 'n Gewyde sangkomitee word uit die personeel aangewys om die liedere te kies en die periode te koördineer.

4.5 Alle liedere moet vir goedkeuring aan die hoof voorgelê word.

5. OPENING EN AFSLUITING VAN SKOOLDAG

5.1 Daar word elke skooldag met skriflesing en gebed in die klasse en personeelkamer geopen en afgesluit.

5.2 In die oggende maak die leerders in die onderskeie klasse beurte om te open. In dié klasse waar leerders nie daartoe instaat is nie, word dit deur die betrokke personeellede gedoen.

5.3 Aan die einde van die skooldag, maak die leiers van die skool beurte om oor die interkom, regoor die skool af te sluit met skriflesing en gebed. Hiertydens word daar absolute stilte regdeur die skool verwag. Alle leerders en personeellede moet hiertydens in die klaslokale wees en die afsluiting eerbiedig.

6. VERGADERINGS EN BYEENKOMSTE

6.1 Dit is die beleid dat alle vergaderings met gebed geopen word. Skriflesing is hiertydens opsioneel.

6.2 Tydens personeel- en vakvergaderings na skool, kan die vergadering, met toestemming van die lede, as geopen beskou word, indien daar reeds die oggend in die personeelkamer geopen is.

7. ROUMOSIES

7.1 As blyk van meegevoel teenoor die afsterwe van naasbestaandes van personeel en leerders, word daar by geleenthede roumosies ingestel.

7.2 Die hoof of sy verteenwoordiger, stel die roumosie in.

7.3 Die vergadering staan en buig die hoofde vir 'n paar sekondes.

7.4 Roumosies word ingestel vir die afsterwe van:

- a. personeellede en oud-personeellede van die skool.
- b. leerders van die skool.
- c. ouers van die skool.
- d. personeellede en beheerliggaamslede se kinders, ouers, skoonouers, broers en susters.

7.5 Roumosies word ingestel tydens vergaderings of byeenkomste waar die betrokke persone teenwoordig is bv. leerders en ouers in die saal ens.

8. GODSDIENSTIGE VAKANSIEDAE/FEESTE

8.1 **Onderwys en administratiewe personeel**

Sou die godsdienstige dae/feeste bygewoon wou word moet die standaard verlof vorms ingevul word en daarop moet gemeld word – spesiale verlof vir godsdienstige bywoning.

Vooruitbeplanning vir Onderwys en administratiewe personeel se afwesigheid a.g.v. godsdienstige bywoning, moet voltooi en ingehandig word by Distr. Senior Bestuur teen die einde van die akademiese jaar.

8.1.1 Leerders moet toegelaat word om godsdienstige dae/feeste by te woon.

Reëlins moet gemaak word vir leerders om werk in te haal. Ouers van die leerders moet skriftelik kennis gee van die dae wat leerders uit die skool gehou gaan word. Volledige rekord moet hiervan gehou word.

9. SLUITING VAN DIE SKOOL

9.1. Vroeër sluiting van 'n skool vir bywoning van godsdienstige feeste mag toegelaat word mits dit binne die tydperk van kennisgewing geskied en is goedgekeur by die Distr. Senior Bestuur.

9.2 Wanneer die dae/feeste veroorsaak dat groot hoeveelhede personeel en leerders afwesig gaan wees mag die skool vir daardie dag sluit.

9.3 Skriftelike toestemming van die Hoof van Dept moet verkry word.

9.4 Skole moet deur regte prosedure aansoek doen.

9.5 Aansoek vir sluiting moet breedvoerig met die Beheerliggaam bespreek word. Sou die aansoek nie goedgekeur word nie mag individuele aansoeke vir leerders voorgelê word.

9.6 Goedkeuring van godsdienstige sluiting sal net geskied sou die totale skooldae van 'n jaar wat vooraf deur die Departement bepaal is nie oorskry word nie.

9.7 Skole sal verlore dae moet inhaal en inwerk en die wyse waarop dit gedoen gaan word moet die aansoek vir sluiting vergesel.

10. PERSONEEL DEELNAME IN GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE BY

PUBLIEKE SKOLE

- 10.1 Personeel moet objektief wees. Alle gelowe en kulturele tradisies moet met respek benader word.
- 10.2 Personeel moet nie godsdienstige aktiwiteite lei gedurende kontak periodes nie. Spesifieke godsdiens opleiding periodes moet daarvoor gemaak word.
- 10.3 Personeel mag nie leerders beloon of strf sou hulle dieselfde godsdienstige oortuigings het al dan nie.